Natuurlike kerk ontwikkeling – deur Christian A. Schwarz

Oor die outeur:
Christian A. Schwarz, gebore in 1960, is die direkteur van die 'Institute for Natural Church Development'. Sy boek oor die teorie en praktyk van kerkgroei is reeds in 34 lande gepubliseer. Vanaf 1994 tot 1996 het hy 'n baie volledige navorsings projek gelei wat handel oor die oorsake of beginsels vir kerkgroei. Dit het nog nooit in die geskiedenis van die kerk gebeur nie....meer as 1000 kerke van vyf kontinente het deel geneem in hierdie studie. Christian Schwarz het teologie gestudeer in Bochum, Bethel, Wuppertal en Mainz, Duitsland, en in Pasadena, California. Vandag leef hy saam met sy familie in Noord-Duitsland.

Wees gegroet, *liewe* leser

Hierdie boek is geskryf, omdat ons oortuig is dat kerkgroei 'n belangrike onderwerp vir elke Christen is, maak nie saak hoe teoreties of prakties 'n persoon se aanleg is en of hy/sy 'n teoloog of ouderling is nie. Meer direk is hierdie onderwerp gemik op diegene wat geïnteresseerd is om die praktiese sy van die kerklewe te vorm. Dit praat bo-als met nie-teoloë. Hulle is die werklike deskundiges. Wanneer dit kom by kerkgroei, sal die toekoms van die kerk somber wees as ons moet staatmaak op professionele teoloë en akademiese persone.

Jy mag met die vraag in jou hart sit: "Hoe kan ons kerk beter word, self al is dit net beter as wat dit nou is?"

Waarom het ons so harde tyd met kerkgroei?

Dalk sal jou antwoord so klink: "Ek dink ons het 'n harde tyd, omdat daar so baie faktore is wat teen die Christen geloof inwerk. Ons Christene probeer so hard, maar ons boodskap is maar net nie so gewild by ander mense nie."



In hierdie skets sien jy 'n wa met vierkantige wiele wat 'n veelvoud van mooi ronde en funksionele wiele vervoer. Hierdie wa word gestoot en getrek deur twee persone wat baie harde werk doen, Ten spyte van al hul moeite gaan dit maar baie stadig en is die persone baie gefrustreerd.

Hierdie prentjie is meer as net 'n spotprent. Dit gee ons as't ware 'n profetiese beskrywing van die algemene toestand van baie gedeeltes van die kerk van Jesus Christus. Alhoewel die kerk vorentoe beweeg, gebeur dit baie stadig. Hoekom is dit so? As jy die twee persone in die skets vra, sou die een dalk antwoord: "Omdat ons so sterk wind van voor af moet veg," terwyl die ander een sou byvoeg: "Omdat ons die wa op 'n styl opdraande moet stoot."

Niemand sal daarmee stry nie, want in meeste gevalle is hierdie antwoorde nie verkeerd nie. Van tyd tot tyd voel ons Christene hoe die wind van voor in ons gesigte blaas, en somtyds dat die pad van die kerk 'n styl opdraande is. Maar die skets wys vir ons dat hierdie omstandighede nie die werklike probleem is nie. Al sou die omstandighede rondom die gemeente beter gelyk het, sou die werklike probleem steeds bestaan het.

Hierdie vergelyking illustreer iets noodsaaklik. Alles wat ons nodig het om die kerk te sien groei het God reeds voorsien. Die probleem is dat ons dit nie gebruik nie. Instede dat ons die gereedskap gebruik wat God vir ons gegee het, probeer ons die kerk stoot en trek met ons eie krag. Dalk voel ons dat die gebruik van vierkantige wiele 'n geestelike ding is.

Die belangrike ding hier is om daardie ronde wiele te neem wat reeds in oormaat aan die kerk voorsien is en hulle op die regte plekke te plaas waar hulle behoort volgens God se plan. God voorsien alles wat benodig word vir gesonde kerkgroei, terwyl ons meestal nalaat om doeltreffend daarvan gebruik te maak.

En die opwindende deel daarvan is dat, figuurlik gesproke, het ons in ons navorsing ‘n rykdom van ronde wiele ontdek wat reeds in die kerk bestaan. Die verskil is, dat sommige kerke dit gebruik en ander nie.

Wat kan ons van ander kerke leer en wat nie?

In die laaste paar jaar het ons baie Christene ontmoet wat dit moeilik gevind het om enigiets geestelik te sien in ‘n navorsings projek oor kerkgroei. Hulle het vermoed dat dit ‘n studie van bestuurstegnieke sou wees, iets wat geen plek mag hê in die Christen kerk nie. Maar die werklike rede vir ons pogings was totaal anders. Ons wou ons perspektief opskerp op beginsels wat God self gebruik om sy kerk te bou. Hoe meer ons met hierdie beginsels te doen het, hoe meer leer ons van hoe God vandag tussen ons werk.

Maar hoe kan ons uitvind wat hierdie beginsels is? Wel, ons kan gaan en ander pastors vra van groeiende kerke oor die geheim van hul sukses. Een ding wat jy sal ontdek is dat jy net soveel antwoorde sal kry as wat daar kerke is wat suksesvol is. Sommige voel dat die geheim tot sukses is hul aanbiddingsdienste wat sensitief is vir mense wat nie aan ‘n kerk behoort nie. Ander is seker dat die sleutel tot hul groei word gevind in die sentrum van hul aanbidding en die opvoeding van gelowiges. Ander prys nuwe bemarkings metodes as ‘n noodsaaklike benadering tot kerkgroei, terwyl ander hul kerke suksesvol laat groei sonder dat hulle ooit gehoor het van bemarking. Somtyds is dit werklik moeilik om ‘n algemene aanduiding te vind in al hierdie antwoorde.

Hoe oortuigend hierdie antwoorde ookal mag klink, maak dit ons net meer verward. Wie is reg? En wanneer ander sê: “Doen soos wat ons doen en julle sal ook dieselfde sukses behaal.” Het ons in werklikheid net twee opsies. Of ons gaan volhuit met ‘n model-of ons gee op met frustrasie.

Daar is wel ‘n derde opsie. In plaas daarvan om slegs na al die antwoorde van hierdie kerke te luister, kan ons ‘n studie van die kerke self maak om uit te vind of daar enige elemente is waaraan al die groeiende kerke gekenmerk kan word. Daarom kan ons na honderde kerkmodelle kyk, in plaas daarvan om slegs na een te kyk, beide groot en klein, om uit te vind watter van die elemente van die kerke wat ons bestudeer het algemene waardevolle beginsels, en watter is dalk interessant, maar nie algemene toepasbare elemente van kerkgroei nie.

Vandag noem ons dit die verskil tussen ‘n “model-georiënteerde” en ‘n “beginsel-georiënteerde” benadering. “Modelle” is konsepte wat een of somtyds meer kerke op sekere plekke in die wêreld positief ervaar het. Om hierdie ervaringe na te boots kan glad nie die regte antwoord wees vir ander kerke in ander situasies nie. “Beginsels” is daardie elemente wat bewys is deurdat dit toegepas word in al die groeiende kerke oor die wêreld.

Wat doen groeiende kerke werklik anders?

Om ‘n databasis op te bou wat groot genoeg is om tot ‘n wetenskaplike gewigtige slotsom te kom, moes ons instituut nie minder nie as ‘n 1000 verskillende kerke van vyf kontinente bestudeer het: Klein en groot kerke; groeiende en afnemende kerke; kerke wat vervolg word deur die staat en kerke wat finansieël gesteun word deur die staat; prominente en wel bekende kerke sowel as kerke wat totaal onbekend was. Ons het kerke nodig gehad van areas waar groot geestelike herlewing huidiglik ervaar word (bv. Brasilië, Korea), sowel as areas wat volgens die internationale standaarde lyk na bloot “geestelike ontwikkelende lande” (bv. Duitsland).

Die studie het gegroei tot die mees omvangrykste navorsingsprojek wat ooit bestuur is oor die redes vir kerkgroei. Kerke in 32 lande het deelgeneem. Die vraelyste wat ingevul moes word deur 30 kerklidmate in elke kerk, moes in 18 verskillende tale vertaal word. Op die einde het ons die taak gehad om 4.2 miljoen lyste te analiseer. Daardie antwoorde, uitgeknip en saam geplak, sou ‘n rol papier gevorm het wat van Chicago tot Atlanta of van Los Angeles tot Salt Lake City sou strek!

Hierdie was die eerste keer waar ons swart op wit, reg voor ons, bewyse gehad het van beginsels wat universeel deur God gebruik word om sy kerk te bou – letterlik van Alaska tot Vladivostok, van Groenland tot Valkland Eilande, van Noord Kaap tot die die Kaap van Goeie Hoop.

Die agt kwaliteit karaktereienskappe van groeiende kerke

Op die volgende paar bladsye wil ek jou graag die agt belangrike beginsels wys wat ons geïdentifiseer het in die verloop van ons studie. Moenie afgesit wees dat die name wat ons gekies het om hierdie beginsels te beskryf relatief abstrak klink nie:

1. **Bemagtigende leierskap,**
2. **Gawe-georiënteerde bediening,**
3. **Passievolle geestelikheid,**
4. **Funksionele strukture,**
5. **Geïnspireerde aanbidding,**
6. **Holistiese kleingroepe,**
7. **Behoefte-georiënteerde evangelisasie en**
8. **Liefdevolle verhoudings.**

Ons noem dit die "agt kwaliteit karaktereienskappe van kerkgroei."
Dit mag dalk in die begin so bietjie teoreties klink, maar sodra ons begin kyk wat weggesteek is agter elkeen van hierdie beginsels, sal jy agterkom dat dit iets te doen het met die situasie by jou eie gemeente. Ons navorsing het ons geleer dat geen kerk wat wil groei kan enige van hierdie, selfs nie een van hierdie kwalititeit karaktereienskappe, wegwys nie.

Kwaliteit karaktereienskap 1: *Bemagtigende leierskap*

Let op dat ons eerste kwaliteit karaktereienskap nie "gevolmagtigde"nie, maar "bemagtigende" leierskap genoem word. Daar is 'n verskil. "Gevolmagtigde leierskap**"** kan beteken dat daar een (somtyds meer, maar gewoonlik een) vindingryke veel-begaafde leier is met 'n visie. Hierdie leier het vrywilligers nodig om hom te help om sy visie 'n realiteit te maak.

Buite die Christendom staan hierdie konsep soms bekend as die "guru-leierskap".
Maar soortgelyke modelle kan ook gevind word in Christelike kerke. Sommige verdedig selfs hierdie konsep as 'n besondere doeltreffende groei beginsel. Hier is die guru-leier, met die groot visie, daar het jy die leke soldate wat gewilliglik hulle kragtige leier dien om sy lewensdroom te vervul. Kerkgroei literatuur sê gewoonlik dat die leierskap style van pastore in groeiende kerke meer *plan* as *mens*-georiënteerd, meer *doel* as *verhoudings*-georiëteerd, en meer *outoritêr* as *span*-georiënteerd is.
Ons navorsing het egter anders getoon, hoewel *doelgerigtheid* belangrik is.

Leiers van groeiende kerke probeer nie om hulle eie kragte te bou om meer kragtig te wees nie. Net die teenoorgestelde. Hulle help gemeentelede om hul potensiaal te bepaal en te gebruik. Hulle rus toe, ondersteun, motiveer en mentor individue om dit te word wat God wil hê hulle moet wees. Sommige van hierdie Christene mag gelei word om in 'n ander rigting te gaan as hul leiers. Bemagtigende leiers kan oor daardie persone dus juig, want hulle weet dat God 'n unieke roeping het vir elke individu. Eerder om al die gemeente se verantwoordelikhede op hul skouers te dra, belê hulle die meeste van hul tyd in dissipelskap, delegering, en vermenigvuldiging.

Wat interessant is, is dat meeste van die pastore wat die hoogste telling gekry het in ons navorsing is minder bekend aan 'n breër publiek. En steeds voorsien hulle ons met meer bruikbare basiese beginsels van leierskap as van die mees bekende geestelike "superstars."

Leiers van groeiende kerke hoef nie “superstars” te wees nie. Inteendeel kan die “superstar-model” ‘n hindernis wees vir kerkgroei. God vervul oor die algemeen nie sy planne deur super-begaafde sterre nie. As iemand hierdie rol speel (of hierdie rol moet speel, omdat sy gemeente dit van hom verwag) is dit gewoonlik ‘n duidelike teken dat iets nie reg is in daardie kerk nie.

Formele teologiese opleiding korreleer met negatiewe groei en laer gemeentekwaliteit. Daarenteen vind leiers die “vanself-groei” beginsel aktief waar lede vir diensbaarheid bemagtig word.
Waar leiers vry is van verantwoordelikhede, kan hulle tyd bestee aan dissipelering, delegering en vermenigvuldiging. So versprei die energie wat hulle insit wyer en wyer. So werk geestelike “self-organisasie”. So word die energie wat van God afkom, vrygestel om die gemeentelede aan die gang te kry sonder menslike pogings of druktoepassing.

Kwaliteit karaktereienskap 2: *Gawe-georiënteerde bediening*

Die basis vir ons tweede kwaliteit karaktereienskap is die oortuiging dat God reeds vooraf bepaal het watter bedieninge in die gemeente die beste by elkeen pas. Die rol van kerkleierskap is om lidmate te help om hul gawes te identifiseer en hulle deel te maak van bedieninge wat met hul gawes ooreenstem. Hierdie beginsel klink amper te eenvoudig, maar die praktiese toepassing daarvan sal enorme implikasies hê vir alle areas van kerklewe. Van die agt areas het gawe-georiënteerde werk die grootste invloed op beide die persoonlike sowel as die gemeentelewe. Dit vorm die heel belangrikste element in die lewe van elke Christen.

Wanneer jy leef volgens jou gawes, werk jy nie meer in jou eie krag nie, maar die Heilige Gees werk in en deur jou. Hoe dit ookal sy, al is jy “net ‘n gewone persoon” kan jy buitengewone dinge bereik, in die ware sin van die woord.

Meeste Christene volgens ons studie, is nie betrokke in bedieninge nie, of hulle funksioneer in bedieninge wat nie met hulle gawes ooreenstem nie. Verder kon 80 persent van alle Christene in Duits-sprekende Europa nie hulle gawes identifiseer nie. Dit is ongelooflik! Onthou die wa met die vierkantige wiele? ‘n Persoon in ‘n bediening wat nie ooreenstem met sy gawes nie, verteenwoordig hierdie vierkantige wiele. En ‘n persoon wat nie ‘n funksie in die kerk het nie verteenwoordig die ongebruikte ronde wiele binne in die wa. Jy kan jouself net indink hoe ‘n Christen moet wees wat in ‘n bediening funksioneer wat met sy gawes ooreenstem. Geen wonder dat die praktiese toepassing van hierdie beginsel sulke dramatiese resultate vir kerkgroei het nie.

Een van die interessante resultate van ons navorsing was die ontdekking dat daar geen ander faktore is wat jou blydskap, terwyl jy jou Christenlewe leef, beïnvloed soos wanneer jy leef volgens jou geestelike gawes nie. Die gevolg daarvan is dat jy drie dinge ervaar: Eerstens, jy is gelukkiger, tweedens, jy is meer effektief; derdens, jy word beter verstaan deur ander Christene as voorheen. Dalk is hierdie ‘n noodsaaklike prys wat ons moet betaal deur te wag vir God se roeping.

Kwaliteit karaktereienskap 3: *Passievolle Geestelikheid*

Ons moes ‘n term kry wat die uiteenlopende style van geestelikheid kon beskryf. Sover dit die groei van die kerk betref, wys een van die resultate van ons studie dat die belangrike ding (solank geestelikheid eg is) nie die manier is hoe geestelikheid uitgedruk word nie, maar dat geloof uitgeleef word met toewyding, vuur en entoesiasme. Die graad van passievolle geestelikheid is juis dit wat groeiende kerke skei van nie-groeiende kerke nie. Die punt wat groeiende en afnemende kerke van mekaar skei is: “Is die Christene in die kerk “aan die brand? Leef hulle toegewyde lewens, en leef hulle hul geloof uit met vreugde en entoesiasme?”

Hierdie kwaliteit karaktereienskap wys ook daarop dat die metodes wat ‘n kerk gebruik van sekondêre belang is. ‘n Kerk wat sy geloof met passie uitleef sal sukses beleef met enige metode. In kontras, misluk gemeentes met die beste metodes omdat hulle hierdie kwaliteit karaktereienskap mis. Watter

nut het die mees modernste motor met ‘n leë tenk, en sonder enige energie? Suiwer leerstellings produseer ook nie groei nie. Dit gaan oor ‘n lewe van geloof as ‘n egte verhouding met Jesus Christus.

Ons het strategieë ontwikkel juis om hierdie geestelike passie te vermy. Daar is ongelukkig baie meer konsepte in die kerk wat hierdie kwaliteit karaktereienskap versmoor en te min bronne om Christene te help om hul geestelike passie konstant uit te leef.

Kwaliteit Karakereienskap 4:
Funksionele strukture

Interessant genoeg, het die kwaliteit karaktereienskap “funsionele strukture”, van al die ander agt eienskappe, voorgekom as die mees kontroversiële punt. Tog bly die beginsel daaragter baie eenvoudig. Die mees belangrike kriteria vir vorms van strukture in die kerk is: vervul dit jou doel of nie?

Kerkstrukture is nie ‘n eindoel insigself nie, maar slegs ‘n middel tot ‘n doel. Wat ookal nie opmeet met hierdie verwagtinge nie (bv. Outokratiese leierskap strukture, ongepaste aanbiddingsdiens tye, of programme wat nie die gehoor effektief bereik nie) word verander of gestop. Deur hierdie proses kan self-vernuwende tradisies wat reeds uitgedien is, op ‘n groot skaal vermy word.
Waar kom die teenkanting teen hierdie beginsel dan juis vandaan? Dit is die gevolg van ‘n leeftydse neiging van mense om meer en meer tradisioneel te word. Tradisie beteken dat kerk vorms dieselfde moet bly as hoe ek daaraan gewoond geraak het. Dit is nie per toeval dat tradisie ‘n faktor is wat op die hoogste aanduiding van negatiewe kerkgroei betrekking het nie.

Gesonde gemeentes wat sterk groei, het leiers in verskillende diensareas. In die skepping is daar egter ‘n verband tussen lewe en strukture. Met die skepping het vormlose massas lewe en vorm gekry. Vandag wil die Here vorm, strukure en lewe gee aan die aktiwiteite van die gemeente.

Kwaliteit karaktereienskap 5:
Inspirerende Aanbiddingsdiens

Daar is waarskynlik geen ander gebied van kerklewe waar die onderskeid tussen modelle en beginsels so dikwels misbruik word, soos in die area van die publieke aanbiddingsdiens nie. Soveel Christene glo dat hulle sekere aanbiddings modelle moet aanneem van ander kerke, omdat dit kerkgroei beginsels bevat.

Maar ons navorsing dui aan dat die vraag nie is, of ons dienste gemik moet wees op Christen of nie-Christen nie, of hulle aanbid in die taal van “Kanaan”, of in ‘n meer sekulêre taal nie, of jy aanbid met ‘n liturgie of ‘n meer vloeiende benadering nie. Dit kan gedemonstreer word dat hierdie nie die besluitnemende faktore is vir die groei van die kerk nie. Instede is die sleutelkriteria iets anders: Is die aanbiddings diens ‘n inspirerende ervaring vir diegene wat dit bywoon? Dit is hierdie area wat groeiende en nie-groeiende kerke duidelik van mekaar skei. Mense wat inspirerende aanbiddings dienste bywoon verklaar eenstemmig dat die kerk diens “lekker” is.

Daar is nou duidelike bewyse waar meeste van die teenstand van hierdie kwaliteit karaktereienskappe vandaan kom: Christene wat ‘n aanbiddings diens bywoon om ‘n Christen taak te vervul. Hulle woon nie ‘n diens by omdat dit so wonderlike ervaring is dat hulle dit nie sal mis vir enigiets nie, maar om God (of die pastoor, of iemand anders) ‘n guns te bewys. Sommige glo dat hul “getrouheid” in geduldige duursame en onplesierige oefening deur God geseën word.

Kwaliteit karaktereienskap 6:
Holistiese Klein Groepe

Groeiende kerke het ‘n sisteem van klein groepe ontwikkel waar individuele Christene intieme gemeenskap, praktiese help en intensiewe geestelike interaksie kan vind. Hierdie is presies die elemente van die Bybelse konsep van holisme. In hierdie groep bespreek mense nie net Bybelverse nie, of luister na deskundiges se interessante verduidelikings nie, maar hulle pas Bybelse insigte toe op die alledaagse lewe van die mense.

Christen klein groepe is nie ‘n lekker, ontbeerlike stokperdjie nie. Nee, dit is die wese van die ware kerk van Jesus Christus wat uitgeleef word in klein groepe.

Kwaliteit karaktereienskap 7: *Behoefte-georiënteerde Evangelisasie*

Dit is nie nodig om ‘n wêreldwye navorsings projek te onderneem om mense te oortuig dat kerkgroei ondenkbaar is sonder evangelisasie nie. Hoe anders sal die kerk groei as deur die proses van om die evangelie te deel om meer en meer mense in die kerk van Jesus Christus in te bring? Hierdie proses word oor die algemeen “evangelisasie” genoem.

Die opwindende vraag is nie of evangelisasie nodig is nie, maar kan dit so gedemonstreer word dat dir in die praktyk bydra tot die groei van die kerk. Daar is sekere mense wat dink dat evangelisasie werk die beste as jy ander mense forseer om hul lewe vir Christus te gee. Hulle skaam nie eers vir die manupilerende metodes om hul doel te bereik nie. Geen wonder ons kry ‘n nare gevoel in ons maag as ons die woord “evangelisasie” hoor nie.

Daar kan gewys word dat “forseerde” manipulerende metodes presies die teenoorgestelde praktyk wat ons leer van kerkgroei verteenwoordig. Hulle geheim is die manier hoe hulle die evangelie deel op so ‘n manier wat die vrae en nood van nie-Christene ontmoet.

Alhoewel net tien persent van alle Christene die gawe het om ‘n evangelis te wees, is dit ons plig om mense te dien met wie ons in verhouding staan; om toe te sien dat hulle die boodskap hoor.

Kwaliteit karaktereienskap 8: *Liefdevolle verhoudinge*

Groeiende kerke openbaar ‘n meetbare hoër “liefdessyfer” as kerke wat gestagneer het en kerke wat agteruit gaan**.**

Sommige sê: “Wat ‘n verskriklike term!” Dalk voel jy soos hulle. Kom ons verduidelik hoe ons hierdie “liefdevolle syfer**”** kry. Op ons vraelyste is daar ‘n groep vrae wat ons help om uit te vind hoe liefdevol die verhoudinge is tussen Christene. Byvoorbeeld: hoeveel tyd spandeer lidmate met mekaar buite die kerk se programme? Hoe dikwels nooi hulle mekaar oor vir etes of ‘n koppie koffie? Hoe maklik deel die gemeente komplimente uit? Tot watter mate is die pastoor bewus van probleme van die leke wekers in sy gemeente? Hoeveel gelag is daar in die kerk?

Wat was die resultate? Al hierdie punte – en nog veel meer – het ‘n sterk betrekking met die groei van die kerk. Hulle is meer betekenisvol as die ontelbare metodes wat in soveel kerkgroei boeke staan en wat baie Christene so verkeerdelik ophef tot die status van ‘n kerkgroei beginsel.

Verbaas dit jou? Praktiese liefde steun ‘n kerk met veel meer krag as al die bemarkingsmetodes van hierdie wêreld. Die bemarking van die kerk kan vergelyk word met nagemaakte blomme. Hulle mag werklik lyk, maar hulle het geen geur nie. Werklike liefde versprei daardie misterieuse reuk wat min kan weerstaan.

Geen kwaliteit karaktereienskappe moet weggelaat word nie

Hierdie was ‘n oorsig van die mees belangrike beginsels wat blyk om verantwoordelik te wees vir die groei van die kerk.

Daar is drie dinge wat ons vandag met groot sekerheid oor hierdie beginsels kan sê: eerstens, hierdie is universele geldige beginsels (dit beteken dat hulle van toepassing is op alle kerke oor die wêreld); tweedens, hulle kan ook getransformeer word na ons eie situasie (en die resultate sal verskil van kerk tot kerk); derdens, elkeen van hierdie beginsels het ‘n positiewe verhouding met beide die kwalitatiewe en die kwantitatiewe groei van die kerk. As dit ons werklik raak om soveel mense as moontlik te bereik, kan ons nie bekostig om enige van hierdie kwaliteit karaktereienskappe op te gee nie. Daar is nie net een faktor wat lei tot kerkgroei nie. Dit lê in die harmoniese wisselwerking van al agt areas. Geen kerk wat graag kwalitatief en kwantitatief wil groei kan enige van die kwaliteite oorsien nie.

Om hierdie agt kwaliteit karaktereienskappe te meet, het ons ‘n paar vrae ontwikkel aan die volgende kriterium:

- Hulle moes empiries ‘n verbinding toon met ander vrae op dieselfde skaal (dieselfde kwaliteit karaktereienskap).
- Hulle moes ‘n positeiwe verbinding toon met die kwantitatiewe groei van die kerk.

Daar is Christene wat sê dat kerkgroei beginsels nie saak maak nie. Ons sien dat een van die beginsels is die uitleef van Christelike liefde (kwaliteit karaktereienskap 8), m.a.w. sê hulle: “Christelike liefde maak niks saak nie.” Nog ‘n beginsel is betroubare gebed (kwaliteit karaktereienskap 3), hulle sê: “Gebed maak nie saak nie.” So kan jy deur al die kerkgroei beginsels gaan wat ons bespreek het, maar hopelik sal jy verstaan hoekom dit nie oordryf word om so ‘n boodskap as valse lering te beskou nie.

Sekere mense sien kerkgroei beginsels as manipulerende metodes van bemarking en daarom sê hulle dat dit niks saak maak nie. As jy ooit iemand sal hoor sê: “Kerkgroei beginsels maak nie saak nie” kan jy vir daardie persoon sê: “Ek dink jy het ‘n verkeerde konsep van wat kerkgroei beginsels is. Het jy geweet dat om die Christelike opdrag van liefde uit te leef, een van hierdie beginsels is? Probeer jy vir my sê dat die Bybel ons leer dat liefde niks saak maak nie?”

Wanneer ons die agt beginsels nader bestudeer, sal sommige verbaas wees dat elke beginsel sentrale aspekte van die Bybelse boodskap opsom. Die kerkgroei beginsels wat ons bespreek het is niks anders as God se eie beginsels nie. Die termenologie wat in hierdie boek gebruik word om die beginsels aan te wys, mag onduidelik wees – soos alle wetenskaplike metodologie. Maar dit alles kan nie verander dat die beginsels, wat ons met ons onvoltooide middele ondersoek en nagevors het, niks anders is as God se beginsels nie.

Die “vanself-groei” beginsel

Hier is die eintlike hoogtepunt van ons navorsing. Ons het die beginsel wat op die basis van al hierdie agt kwaliteit karaktereienskappe lê, die “vanself-groei” beginsel genoem. Ons het vandag bewys dat die geheim van groeiende kerke nie bestaan deur die kerk vorentoe te stoot en te trek in jou eie krag en moeite nie (onthou jy die skets van die wa?), maar in die loslating en ontwikkeling van die potensiaal wat God reeds in die kerk geplaas het. Dan kom groei vanself.

Kerkgroei is iets wat ons as mens nie kan maak nie. Ons werk is om slegs die groei outomatisme te stimuleer wat God self gebruik om sy kerk te bou. Hierdie realiteit is absoluut sentraal vir die ontwikkeling van die kerk. Dit mag dalk in die begin eienaardig klink en selfs on-bybels.

In Mark. 4:26-29 vertel Jesus die volgende gelykenis: “Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hóé weet hyself nie. Vanself bring die aarde die graan voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die vol koringaar. En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.”

Die gelykenis wys uitdruklik wat mense kan doen en moet doen, en wat hulle nie kan doen nie. Hulle moet saai en oes; hulle mag slaap en opstaan. Wat hulle nie kan doen nie, is dit: hulle kan nie die vrug voortbring nie. In die teksgedeelte kry ons die misterieuse omskrywing van die aarde wat die graan “vanself” voortbring. Die Griekse teks het die term “automate” gebruik wat letterlik “outomaties”

beteken. Hierdie gedeelte praat van die groei outomatisme. Nie net is hierdie ‘n Bybelse beginsel nie, maar wanneer jy die grondteks bestudeer, vind jy dat dit ‘n Bybelse term is.

Hierdie gelykenis is nie net ‘n mooi prentjie wat vir ons geskets word nie, maar is die wese van kerkgroei. Groeiende kerke maak gebruik van hierdie groei outomatisme, sommige opsetlik, somige intuïtief. Dit is die “geheim van hulle sukses!”

In die natuur leer ons dus sekere beginsels. Jesus het na die natuur verwys om hierdie beginsels vas te maak. Matt 6:28 “Let op die lelies van die veld hoe hulle groei”. “Let” = ***katamathete*** = “observe, study, learn.” Wat moet ons hier leer? Jesus bedoel nie die lelie self nie, maar die wyse waardeur die lelie groei – m.a.w. die groeimeganisme. Deur hierdie proses van groei te verstaan begryp ons die beginsels van groei in die koninkryk van God.

Elke student van die skepping sal te doen kry met wat wetenskaplikes na verwys as die “biotiese potensiaal”. Hierdie is die inherente kapasiteit van ‘n organisme of spesie om te reproduseer en daardie spesie te laat oorleef. God se intensie was om hierdie beginsel van deurlopende reprodusering in Sy skepping vas te lê. Hierdie is die geheim van lewe, die goddelike beginsel as die kern van die skepping.

Dieselfde beginsel is van krag in gemeentegroei. Ons moet wegskram van die versoeking om gemeentegroei te probeer “fabriseer” en ontdek dat die groei lê daarin dat ons die groei potensiaal wat God in elke kerk geplaas het moet vry stel. Vir ‘n gemeente om te groei (deurdat die groei outomate vrygestel word) en te ontwikkel in kwaliteit en kwantiteit is daar ‘n gesonde omgewing nodig. Groei kan slegs bevorder word mits die grond vrugbaar en gereed is. Ons skep die omgewing, God gee die groei. In 1 Kor 3:6 kry ons die belofte dat God groei sal gee.

Hoe gebeur dit dan? Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om die agt kwaliteit karaktereienskappe te hersien. Elke kwaliteit bestaan uit twee dele: ‘n selfstandige naamwoord (bv. leierskap, bedieninge, geestelikheid, strukture) en ‘n byvoeglike naamwoord (bv. bemagtigende, gawe-georiënteerde, passievolle, funksionele). Die geheim van elkeen van hierdie kwaliteit karaktereienskappe word nie beskryf deur die selfstandige naamwoord nie. Elke kerk het een of ander vorm van leierskap, bedieninge, geestelikheid of strukture. Die geheim lê eerder in die praktiese uitvoering van wat elkeen van die byvoeglike naamwoorde verteenwoordig.

‘n Nadere beskouing van hierdie byvoeglike naamwoorde wys daarop dat hulle ruimte maak vir daardie groei outomatisme wat God gebruik om sy kerk te bou. Onthou jy die voorbeeld wat ons gebruik het van die wa: In plaas daarvan om die wa(die kerk) op ons eie te stoot en te trek, moet ons van die wiele wat reeds in die wa is aflaai, hulle op die regte plekke vassit en die vrolike ervaring sal maak dat die wind van die Heilige Gees hierdie wa “vanself” in beweging sal bring.

Ons sleutel besorgtheid:
Die kwaliteit van ons kerke

Vir meeste Christene verskil hierdie beginsels drasties van hulle idees van kerkgroei of kerkontwikkeling. Een van die mees belangrike gevolgtrekkings van ons navorsingsprojek is dat wanneer ookal ons dink in terme van kerkgroei, is die sleutel die kwaliteit van die kerk. Kwaliteit (soos gemeet word in die vorm van die agt kwaliteit karaktereienskappe) is die wortel, kwantiteit (kerkbywoning wat vermeerder) is die vrug.

Hierdie benadering het belangrike implikasies vir die praktiese werk van die kerk. In plaas daarvan om te begin met die vraag: “Hoe kan ons meer mense kry om ons dienste by te woon?” vra ons: “Hoe kan ons groei in elke area van die agt kwaliteite?” Agter hierdie benadering is die teologiese en empiriese gebaseerde oortuiging dat kwaliteit in hierdie areas altyd ‘n uitwerking sal hê op kwantitatiewe groei (bv. meer mense woon dienste by).

Die basis vir hierdie kwalitatiewe benadering is die Bybelse beginsel dat ‘n goeie boom bring goeie vrugte voort (Matt 7:17). Omdat die boom dus goed is (het ‘n hoë kwaliteit), dra dit ook goeie vrugte

(meer Christene wat by die kerk aansluit). Dit is fasinerend om te sien hoe ‘n statistiese studie hierdie Bybelse stelling bevestig.

‘n Reël waarvoor daar geen uitsondering is nie – *die “65 hipotese”*

Terwyl daar uitsonderings is op elke kerkgroei beginsel, is daar een reël, waarvoor ons nog nie ‘n uitsondering gevind het nie. Elke kerk waarin elk van die agt kwaliteit karaktereienskappe ‘n sekere standaard bereik het (in ons tegniese brabbeltaal sê ons dat dit ‘n kwaliteit eksponent van 65 en meer bereik het), is ‘n groeiende kerk.

Daar is ‘n kwalitatiewe waarde – wat statisties gewys kan word – waarby ‘n kerk altyd sal groei as dit verby daardie waarde is. Dit is nogal interessant!

Wanneer gevra word wat moet gebeur om meer mense na ons kerkdienste te trek, kan daar net een antwoord aangebied word: “Ons moet werk daaraan om ‘n eksponent van 65 in al die agt areas te bereik.” Hierdie mag dalk nie die antwoord wees wat baie wil hoor nie, maar ons kan nie die eindresultate van ons navorsing ignoreer nie.

Moenie verkeerd verstaan nie. Hierdie wyse van groei is nie maklik om te bereik nie. Dit is nie ‘n “gimmick” of gewilde “quick-fix” metode wat belowe dat as jy die knoppie druk gaan jy dadelik groei ervaar nie. Dit is egter ‘n moeilike pad om te stap om die kwaliteit van die kerk te vermeerder tot hierdie hoë standaard. Waar in die Bybel word vertel dat dit maklik gaan wees vir die kerk om getrou te wees aan die groot opdrag van die Here?

Jy kan dalk hierdie propesisie aanstootlik vind, dat daar ‘n meetbare kwalitatiewe waarde is waarby ‘n kerk altyd sal groei as dit daardie waarde verbysteek. Met nadere ondersoek is hierdie fenomeen nie verbasend nie. Wat beteken dit vir ‘n kerk wat hierdie kwaliteit standaard van 65 in al die agt areas bereik het? As ons so ‘n stelling vanuit die afleiding van statistiese taal maak, beteken dit die volgende: hierdie is ‘n kerk waarin die leiers toegewyd is tot kerkgroei; waarin omtrent elke Christen sy geestelike gawe gebruik om die kerk op te bou; waarin meeste lidmate hul geloof uitleef met krag en aansteeklike entoesiasme; waarin kerkstrukture geëvalueer word of dit dien tot die groei van die kerk of nie; waarin die aanbiddingsdienste ‘n hoogtepunt is van die week vir die meerderheid van die gemeente; waarin die liefdevolle en genesingskrag van Christelike gemeenskap ervaar kan word in klein groepe; waarin byna alle Christene, volgens hul gawes, help om die Groot Opdrag te vervul; en waarin die liefde van Christus omtrent al die kerk aktiwiteite deurdring. Is dit ooit denkbaar dat so kerk kan stagneer of agteruitgaan?

Die meeste groeiende kerke het egter ‘n laer waarde as 65. Die 65 hipotese sê eenvoudig dat wanneer ookal al die agt waardes klim tot 65, is die statistiese moontlikheid dat die kerk sal groei 99.4%.

Wat is die swakste area in ons kerk?

Sommige Christene wat hierdie beginsels vir die eerste keer hoor mag sug: “Ek moet nou aan al hierdie goed dink op dieselfde tyd?” Hier kan nog ‘n bevinding van ons navorsing tot jou hulp wees. Om te begin, is dit genoeg om te konsentreer op een area. Maar watter area is strategies die mees deurslaggewende?

Minimum faktor

Dit kan gedemonstreer word dat die groei van die kerk die meeste verhoed word deur daardie kwaliteit karaktereienskappe wat die minste ontwikkel is. By plante is dit nodig dat die vier noodsaaklike minerale in die regte verhouding in die grond is om natuurlik (vanself) te groei. Wanneer daar ‘n tekort van enige van hierdie minerale is, word die groei belemmer. ‘n Oordosis van enige ander een kan ook die groei benadeel. Aan die anderkant beteken dit dat as ons ons energie primêr plaas op die minimum faktore, kan ons verwag dat dit alleen groei kan veroorsaak.

Dit is egter so dat Christene nie maklik oortuig word met hierdie beginsels van kerkgroei deur goed beredeneerde, wetenskaplike analise nie, maar deur ‘n eenvoudige demonstrasie.

Hier sien ons ‘n skets van ‘n vat met duie van ver-skillende lengtes. Elke duig verteenwoordig een van die agt kwaliteit karakter-eienskappe. Die korste dui verteenwoordig die swakste ontwikkelde kwaliteit van die kerk en die langste dui, die hoogste faktor. Kom ons sê dat die hoogste dui is “passievolle geestelikheid”. Wanneer ‘n mens water in die vat sou gooi sou dit begin oorloop by die laagste dui. Die vat kan net so vol word as die laagste dui. In hierdie illustrasie simboli-seer die water God se seëninge wat van Hom af na die kerk toe vloei.

Ons kan tog nie God vra om op te hou om sy seëninge na ons te laat vloei, net omdat ons vat nie die water kan hou nie.

Sommige sê dat ons meer moet bid. Gebed is baie belangrik en absoluut noodsaaklik vir kerkgroei. So word die hoogste dui “passievolle geestelikheid” net verder verleng, maar dit los nie die probleem op nie. Die water sal steeds oorloop. Die oplossing is dat die laagste kwaliteit verleng moet word en so sal die vat meer water kan hou.

Die 6 biotiese beginsels

(Bioties: wat betrekking het op die lewe van ‘n organisme)
Hoe kan ons help met voorbereiding vir groei?

Die beste wyse waarop tegnokratiese denke geillustreer kan word is ‘n robot. Hoe meer ‘n kerk lyk soos ‘n robot, hoe verder is dit weg van natuurlike kerk ontwikkeling. Die biotiese benadering volg die logika van die lewe teenoor die logika van ‘n masjien. Tegnokratiese denkwyses is vir natuurlike kerk ontwikkeling dieselfde soos ‘n robot is vir ‘n mens. Dit is totaal verwaarloos van groei outomatisme. Daar is nie ‘n masjien of robot wat homself kan reproduseer nie.

Die volgende 6 beginsels is ‘n poging om die wette van die biotiese wêreld in verband te bring met ons moeite in kerkontwikkeling.

1. Interafhanklikheid

Al die verskillende bedieninge, fasette of aktiwiteite, interafhanklikheid – soos dierelewe en plante; vislewe en planton; sonskyn, water, suurstof, koolstof en blare; vanaf die kleinste mikro-organisme tot die grootste sterre; is elke individuele deel met die hele sisteem geïntegreer. Wanneer aan een area van bediening aandag gegee word, of ‘n ander afgeskeep word, affekteer dit alle bedieninge.

Augustinus het die skoonheid van die skepping of van enige kunswerk onder andere toegeskryf aan die volmaakte verhouding tussen alle dele tot mekaar sowel as van elke onderdeel tot die geheel. Ander sê dat jy by ‘n goeie kunswerk niks kan byvoeg of wegneem sonder om die werk skade aan te doen nie.

2. Voortplanting

‘n Boom word nie net groter en groter nie. Dit plant voort en die nuwe bome plant ook voort. Hierdie biologiese vermenigvuldiging is ‘n skeppingseienskap. So bring ‘n kleingroep, ‘n nuwe kleingroep voort; ‘n gemeente, ‘n nuwe gemeente, en ‘n leier, ‘n nuwe leier (nie net ‘n volgeling nie). ‘n Appel bring ‘n nuwe appel voort; ‘n Christen, ‘n nuwe Christen.

3. Omsetting van energie

Bestaande afbrekende kragte en energie kan met redelik min krag omskep word in helende energie – soos met inentings om kwale te stuit. Moenie negatiewe gebeure net gelate aanvaar of hardkoppig daarteen veg nie. Rom8:28: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet,...”

‘n Jongman op ‘n branderplank veg nie teen die golwe nie. Met knap stuurwerk en balans maak hy gebruik van die golfkrag om sierlik oor die water te ski. Waar die behoeftes en nood van nie-Christene (nie noodwendig geestelike nood nie) ernstig opgeneem word, kan die energie daaragter ingespan word om God se wil met hulle te bereik. Baie kerke is versigtig om nuwe bekeerlinge in hulle evangelisasie bedienings te gebuik, omdat hulle geestelike onvolwasse is en nog maar min kennis het. Nuwe bekeerlinge het baie “wêreldse” kontakte, en gebruik nog hulle taal en denkpatrone. In plaas daarvan om hulle borrelende entoesiasme te demp, kan hulle energie gebruik word vir die koninkryk van God.

4. Meerdoelige gebruike

Bome se blare val af nadat hulle hul doel bereik het. Mikro-organismes in die grond kan die dooie blare omskep in bemesting wat help met die verdere groei van die bome en die produksie van nuwe lower. So kan werkresultate omskep word in energie, wat op hulle beurt die werk aan die gang hou. So ook word onderleiers wat in die leierskap deel, juis deur hierdie deelname op die beste wyse as leiers opgelei. Waar fondse benodig word om ‘n sekere taak te verrig, behoort die siklusmodel ingespan te word. Dit gebeur deur hulle wat voordeel uit die projek gaan ontvang, te laat bydra tot die koste. Dit is soos die boom wat sy blare vir die grond gee, wat op sy beurt aan die boom energie verskaf vir verdere groei. So ook sien die donateur die resultate wat hom weer aanspoor.

5. Simbiose (intieme saamlewing van verskillende organismes tot wederkerige voordeel)

In die landbou is plantverskeidenheid belangrik. Landelike afwisseling met heinings en vleie dien weer tot gesonde streke. Waar alles gelyk gemaak word en daar net op een gewas gekonsentreer word, word “kunsmis” rojaal gebruik en pesdoders gespuit om op te maak vir dit wat die natuur andersins self reguleer.

6. Funksionering – elke deel van die skepping het ‘n spesifieke biotiese werking (wat die lewe raak)

In die agt areas waaraan ons kan werk, gaan dit nie oor die areas nie, maar oor die biotiese element daarvan. Die lewe lê nie in leierskap nie, maar in bemagtiging; nie in werke nie, maar in gawe-georiënteerdheid; nie in geestelikheid nie, maar in ‘n egte, innige verhouding met Jesus Christus; nie in strukture nie, maar in lewe wat daaruit vloei; nie in eredienste nie, maar uit die inspirerende ondervinding; nie in kleingroepe nie, maar in lewende, liefdevolle naastediens; nie in evangelisasie nie, maar in noodgerigtheid; nie in verhoudings nie, maar in liefde.

Die geheim van gesonde gemeentes lê nie in hulle strukture nie, maar in die biotiese elemente daarvan wat die lewe raak, wat op sigself lewe, en dus groei op die natuurlike wyse voortbring.

Leer om bioties te dink!

Die ses biotiese beginsels dui nie net aan wat ons moet doen nie, maar ook hoe ons kreatief moet reageer om groei te bevorder. In gesonde gemeentes het werkers meer vreugde in hul werk en voel minder oorwerk; hulle ondervind wat dit beteken as die Heilige Gees die kerk opbou. Groei vind "natuurlik" plaas waar Bybelse beginsels toegepas word.

'n Nuwe Paradigma

Natuurlike gemeente ontwikkeling is in alle opsigte 'n anderse teologiese paradigma. Wat is die verskil tussen tegnokratiese en geestelike paradigmas?

Bipolêre interaksie is orals in die skepping te vinde: in die twee dele van die brein, in elektrisiteit, in magnetisme, tussen man en vrou, en so meer.

Vir elke krag is daar 'n teenkrag. Pole in verhouding stel outomaties 'n vloei van energie vry. Mense plant outomaties voort sonder druk van buite af.

Die statiese pool stimuleer die dinamiese pool om op sy beurt te produseer. So hou dit outomaties aan. Volgens die bipolêre beginsel is daar wederkerige interaksie. Die dinamiese pole skep organisasie (strukture, reëls, programme) wat op sy beurt die dinamiese pool verder ontwikkel. As hierdie siklus in die praktyk gesond is, bestaan daar 'n hoë kreatiewe verhouding tussen die twee pole en vind gesonde groei "outomaties" plaas.

In die meeste kerke is hierdie siklus nie in werking nie en bly uit balans. Waar die klem op die statiese pool val, kan die volgende menings bestaan:

> "Sodra die pastor in sy amp bevestig word, is hy outomaties toegerus met alle geestelike gawes vir sy bediening."
>
> "Hou jou samekomste op hierdie manier en die Heilige Gees sal outomaties op jou gemeente neerdaal."
> "Aanvaar hierdie leerstellings en jy is outomaties 'n Christen."

"Gebruik hierdie gemeente groeiprogram, en jou kerk groei outomaties."

Dit is nie 'n kwessie saak van oorsaak en gevolg nie; van sit 'n muntstuk in en haal 'n Coke uit nie. Aan die anderkant word die geestelike deel oordryf, en word strukture as minder be-langrik beskou. Die mening bestaan dat die Heilige Gees onteen-seglik werk waar God nie gebruik maak van pro-gramme, beplanning en strukture om 'n gemeente te bou nie. Dit is moeilik vir die geestelikes en die tegnokrate om die bipolêre beskouing te handhaaf.

Die volgende grafiese voorstel word gebruik om die resultate te illustreer van analise wat gemeentes oor hulle kerkopset gedoen het. Uit die duisend analises wat gedoen is, is daar 'n duidelike ooreenkoms tussen die kwaliteit van die kerk en die bywoningsyfers.



Ons werk en God se werk

Kyk weer na die vat waarna voorheen verwys is. Die vat wat uit agt duie bestaan (kwaliteit karaktereienskappe) verteenwoordig wat ons kan, en volgens God se wil, moet bou. Welliswaar, kan al ons ywerige verbeteringe in die kwaliteit van die vat, nie veroorsaak dat water (nuwe mense) daarin vloei nie. As God nie water stuur nie, sal selfs die beste vat droog bly. Wanneer God wel water ingooi – en daar is baie teologiese bewyse vir die feit dat Hy dit graag wil doen – is die kwaliteit van die vat (kerk) deurslaggewend. Hierdie kwaliteit stel vas of die vat water kan hou.
Paulus sal dalk nie die skets van die vat met duie gebruik nie, maar hy praat van dieselfde verhouding tussen die mens se werk en God se werk: 1 Kor. 3:6: "Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het."



Ons kan net eenvoudig nie die kwantitatiewe groei van die kerk "fabriseer" nie. Ons moet eerder ons moeite insit om die kwaliteit van die kerk op te bou, om te verseker dat die seëninge wat God reeds begin gee het, nie by ons sal verbygaan nie. Gebruik energie om die energie van die gemeente in harmonie te kry met die beginsels van God, sodat die organiese pole gesond en onbelemmerd kan ontwikkel. Dit beskryf duidelik die strategiese

benadering van “natuurlike kerk ontwikkeling”.
Kyk na die binne vierkant op die diagram vir wat menslik moontlik is en wat ook die gevare aandui van dit wat buite die natuurlike wisselwerking-area val.
Hier is vyf redes waarom ‘n pragmatiese benadering (op bruikbaarheid gerig) nie geskik is vir gemeentegroei nie, nl.

1. Verwerping van bindende beginsels
2. Sukses as ‘n einddoel in homself
3. Blind vir die logika van God
4. Naagemaakte vrugte
5. Opportunisme

Samevatting en tien stappe van implementering

- Daar is agt kwaliteit karaktereienskappe waaraan ons moet en kan werk. (Die harmoniese wisselwerking)
- Die minimum faktor moet eerste aandag kry. Hierdie is die kwaliteit karaktereienskap wat die swakste ontwikkel is. (Die kortste dui van die vat)
- Hoe moet ons aandag aan hierdie kwaliteit karaktereienskappe gee? Deur gebruik te maak van die 6 biotiese beginsels.
- Waarom moet ons dit doen? (‘n Nuwe paradigma)

Die “vanself-groei” beginsel loop soos ‘n goue draad deur hierdie vier gemeentebou fasette.

10 Stappe:

➲ Bou geestelike momentum op:

Doen dit deur middel van gebed, smeking en danksegging. Toegewydheid aan Jesus en ‘n persoonlike verhouding met Hom moet die sentrale plek in ons aktiwiteite neem. Gemeentegroei moet NIE die motivering van ons aktiwiteite wees nie, maar wel ons aanbidding aan God. Lede kan nie gemotiveerd vir gemeentebou bid as hulle motivering iets anders is as toewyding aan Jesus en sy werk nie. Gelowiges se aandag moet in die eerste plek gevestig wees in liefdevolle aanbidding van Jesus.

➲ Stel vas in watter area(s) die gemeente die swakste ontwikkel deur ‘n wetenskaplike analise te doen en stel ‘n profiel daarvan grafies op:

‘n Toetsprosedure is beskikbaar. Die pastor en sowat 30 lede moet die vraelys voltooi. (Die vrae behels nie variasies nie, maar gaan oor wat in die gemeente plaasgevind het die afgelope twee maande.) Met so ‘n profiel kan die sterk- en swakpunte in ‘n oogwenk gesien word.

➲ Stel meetbare doelwitte:

Meetbaar in tyd, getalle of persentasie.

➲ Stel hindernisse vas:

Doelwitte kan bereik word indien die gemeentelede dit regtig wil hê. Indien hulle dit nie werklik wil hê nie, vorm dit ‘n hindernis. Lede moet dieselfde beginsels ondersteun. Linker of regter paradigmas sal ‘n hindernis wees.

➲ Pas biotiese beginsels toe:

Dit is dit wat betrekking het op lewe in organismes; wat die lewe raak. Gebruik die 6 biotiese beginsels as kontrolelys.

➲ Beoefen julle sterkpunte:

Vind uit wat julle sterkpunte is, ontwikkel hulle, gebruik hulle – en vordering vind plaas in die swakker areas.

Die kenmerkende manier waarop ‘n gemeente sy aanbidding van Jesus uitdruk, behoort altyd as ‘n sterkpunt gewaardeer te word. So kan ons mense trek wat nie by ander gemeentes tuis voel nie.

Die grootste sterkpunt in ‘n gemeente is sy skat van geestelike gawes. Stel die gawes vry wat God ons gegee het. Hoe nader ons aan God se plan kom, hoe meer ervaar ons die “self-organisasie” in verskillende areas van die gemeentelewe.

Leiers moet gemeentelede toerus en bemagtig om die potensiaal wat God hulle gegee het te benut in areas wat by hulle gawes pas. Aanbiddingsdienste inspireer waar lede vryelik deelneem met alle soorte gawes. In kleingroepe bedien lede mekaar met hul gawes. Verhoudings tussen lede, vol liefde, is moontlik waar elkeen gehelp is om sy plek in die gemeente te vind waarvoor God hom/haar voorberei het.

➲ Gebruik NCD handleidings:

Daar is materiaal wat gebruik kan word om jou te help met die praktiese toepassing van die agt kwaliteit karaktereienskappe waaraan gewerk kan word met behulp van die 6 biotiese beginsels, sonder om na die ingewikkelde terme te verwys.
Hierdie handleidings bevat toepassings riglyne, wat spontane en kreatiewe werkwyses aanmoedig. Dink net wat mag gebeur as 60% van die gemeentelede vir ‘n jaarlank in hulle kleingroepe ‘n kursus neem om in liefde te groei. Party mag dalk ‘n paar trane stort, party weer lekker lag of met mekaar versoen raak, konflikte in die ope bring en ‘n nuwe begrip van God se liefde kry. Die gemeente sal groei sonder om spesifiek daaroor te dink of te praat.
Sodra die meerderheid in ‘n gemeente aktief betrokke raak in die groeiproses, kom daar ‘n element van “geestelkike self-organisasie” in werking. Dinge waaroor leiers gedroom het “kom vanself” tot stand.

➲ Hou ‘n verslag van verandering:

Doen weer ‘n analise en stel die profiel daarvan grafies op. Plaas die profiele oormekaar, of net langs mekaar sodat albei saam gesien kan word. ‘n Analise elke ses maande word aanbeveel.

➲ Gee aandag aan nuwe minimum areas:

Daar moet deurlopend aan swak areas gewerk word. Die energie wat so ingesit is, sal ‘n invloed hê op die ander areas. Alhoewel ontwikkeling in die onderskeie areas op en af kan wees, behoort die algemene tendens opwaarts te wees.
Dit is beter dat ‘n gemeente sy eie ondersoek en profiel doen. Dit maak gereelde kontrole ‘n instelling. Kwaliteitbeheer van ‘n gemeente is net so belangrik soos om rekords te hou van bywoning en inkomste (offers) en uitgawes (bedieningsuitgawes).

➲ Plant voort:

As die gemeente gesond is, sal dit ‘n nuwe gemeente voortplant.

Gemeentegroei in die krag van die Heilige Gees

Wat beteken dit? Dit beteken dat ons ophou om die kerk te probeer stoot of trek en om gebruik te maak van doeltreffende beginsels wat tot eer van God is. Dit is om jou seile te span en te bid dat God die kragtige wind van sy Heilige Gees sal stuur. God beantwoord graag sulke gebede!